# VKB/Reitz hou weer suksesvolle 2024-rugbyweek

**Deur Santa Bronkhorst, Aartappels SA**

Teenwoordiges by 'n Vrystaat-platteland bestuursvergadering in 1997 is tydens die vergadering ingelig dat provinsiale skolerugbyspanne in die toekoms nie meer aan die Nasionale Cravenweek kon deelneem nie. Die besluit is daar en dan geneem dat Vrystaat-platteland sou poog om self 'n nasionale week vir plattelandse rugbyspanne aan te bied.

Chris Swanepoel van Noord-Oos Vrystaat-platteland, het landbou-maatskappy, VKB, versoek om as borg by so 'n week betrokke te raak. VKB het ingestem en tree sedertdien as hoofborg op. Die eerste suksesvolle VKB/Reitz Rugbyweek is tydens die Junie skoolvakansie in 1998 op Reitz aangebied. Die Griekwaland-Wes rugbyskeidsregtersvereniging het vir talle jare skeidsregters vir die geleentheid voorsien.

## 2024-hoogtepunte

Tien spanne het in die stedelike been van die kompetisie deelgeneem. Die Vrystaat Arende, Griffons Platteland, Griffons o/17 A-liga, Barbarians (Bloemfontein), Wes-Kaap Noordelike Streek Disas Akademie, Griekwas, KwaZulu-Natal o/18, KZN Wildebeest en Zululand het mekaar vanjaar die stryd aangesê.

Tydens die tweede week, die sogenaamde platteland-week, het 12 spanne deelgeneem. Hulle was Oos-Vrystaat, Pumas, Sandveld, Suid KwaZulu-Natal, Noord KwaZulu-Natal o/19, Barbarians, Reitz Uitnodigingspan, Griekwas, Luiperds, Rooikatte, Vrystaat Kiewiete en Vrystaat Kiewiete XV-tal.

Beide vyftien-man en sewes-rugby is gespeel en na afloop van die rugbyweek is die beste speler in elke posisie aangewys. 'n Span is ook gekies om aan die einde van die jaar in Frankryk deel te neem, terwyl 'n sewes-span gekies is vir deelname in Dubai.

## Aartappels SA doen sy deel

Die organiseerders en Hoërskool Reitz het hulle waardering teenoor Aartappels SA uitgespreek vir die borggeldbydrae en betrokkenheid. Die OVS Werkgroep het gimnasiumhanddoeke waarop hul eie en Aartappels SA se logo's verskyn, aan elke wenner in die eindstryd oorhandig. Die borggeld vorm deel van Aartappels SA se veldtog om in die gemeenskap te belê.

Die seuns is op die finale dag verras deur 'n besoek van Alfred Ntombela, alombekend as Shorty, Aartappels SA se handelsmerk-ambassadeur. Ntombela het trofees en afkoelhanddoeke aan die beste spelers van elke wedstryd oorhandig.




*Alfred Ntombela, alombekend as Shorty, het Aartappels SA op die finale dag van die rugbyweek verteenwoordig en het 'n afkoelhanddoek aan elke seun wat in die finaal gespeel het, oorhandig. Hier is Alfred saam met die skeidsregters wat tydens die week opgetree het.*

Vir meer inligting, kontak Santa Bronkhorst by santa@potatoes.co.za.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 38 NO 5 • SEPTEMBER / OCTOBER 2024



## SUCCESSFUL 2024 CONGRESS PAVES THE WAY FOR 2025

## COMPETITION COMMISSION ON FRESH PRODUCE MARKETS

Potato waste: Quantity, value, causes

Physiological disorders in potato tubers

Potato cultivation and climate change